

<https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/covid-19-toetse-dalk-nie-so-akkuraat/>

Covid-19 toetse dalk nie so akkuraat

19 Julie 2020

Tania Heyns



(Argieffoto ter illustrasie: Zhang Yuwei/Xinhua via AP)

Menige Suid-Afrikaner betwyfel die akkuraatheid van Covid-19-toetse nadat hulle aanvanklik positief getoets het vir die nuwe koronavirus, net om by 'n ander laboratorium negatief te toets.

Kenner gee toe dat 'n toetstoestel nie 100% akkuraat is nie en dat die foutiewe hantering van toetsmonsters die uitslag kan beïnvloed. Tog glo dié kenner daar is eerder meer as minder Covid-19-gevalle in Suid-Afrika as wat die statistieke aandui.

Linda Holder van Amanzimtoti in KwaZulu-Natal vertel aan Maroela Media dat twee van haar kinders, Megan (19) en Bradwynne (17), in April vanjaar by 'n private laboratorium se deurry-diens verkeerdlik positief getoets het vir Covid-19. Ses dae later het sy by 'n ander laboratorium negatief getoets.

Hoewel nie Megan of Bradwynne simptome van Covid-19 gehad het nie, het die eerste toetsuitslae die Holder-gesin se lewe tot stilstand gebring, aangesien Megan aan 'n seldsame immuunsiekte ly. Covid-19 kon dus 'n doodsvonnis vir Megan beteken, verduidelik Holder nou.



Argieffoto (Foto: fernando zhiminaicela/Pixabay)

“Ek vertrou nou glad nie die statistieke nie. Indien Megan Covid-19 gehad het, sou sy beslis dood gewees het. Ons glo ook nie dat sy in minder as ’n week kon herstel het nie.”

Berdine (56) van Pretoria, wat nie haar van wou noem nie, is ook skepties oor die statistiek. Dit nadat sy verlede maand aanvanklik by ’n private laboratorium se deurry-diens positief getoets en enkele dae later negatief by ’n ander private laboratorium getoets het.

Volgens Berdine het sy erge sinus gehad en weens voorsorg verlede maand besluit om haar vir Covid-19 te laat toets. Groot was haar skok toe sy positief getoets het vir die nuwe koronavirus.

Aangesien Berdine se man ’n diabeet is, moes dié ook inderhaas getoets word. Berdine het op versoek van haar werknemer besluit om weer saam met haar man getoets te word. Dié keer by ’n ander private laboratorium. Albei die egpaar se toetsuitslae het negatief teruggekom.

Berdine vertel dat dié laboratorium ’n monster uit haar neus geneem het, terwyl die eerste laboratorium ’n monster uit die keel geneem het.

Toetstegniek



Foto: 'n Persoon word getoets vir Covid-19. (AP Photo/Brian Inganga)

Dr. Angelique Coetzee, nasionale voorsitter van die Suid-Afrikaanse Mediese Vereniging (Sama), het aan Maroela Media verduidelik dat die beste manier van toets sal wees om ’n monster uit die neus te neem.

Volgens Coetzee het Suid-Afrika aanvanklik op dié manier getoets, maar baie laboratoria's neem nou monsters uit pasiënte se keel. Coetzee verduidelik dat die monster diep uit die keel geneem moet word om te verseker dat die regte monster geneem word.

Sy sê ook die tydsberekening is van uiterste belang wanneer ’n pasiënt vir Covid-19 getoets word. “Jy kan negatief toets al toets jy selfs een dag te vroeg.”

Pasiënte moet dus agt dae nadat hulle in aanraking gekom het met iemand wat simptome toon, hulself laat toets en ten minste drie van die vyf simptome van Covid-19 toon voordat hulle getoets word.

Dié simptome sluit in koors, hoes, asemhalingsprobleme, hoofpyn, seer keel en die verlies aan jou sinuie soos reuk of smaak.

Volgens Coetzee is 'n Covid-19-toetstoestel slegs 64% sensitief om die virus op te tel.

Die akkuraatheid van 'n toets hang boonop af van die vervoer van 'n monster na die laboratorium waar dit getoets gaan word. Coetzee verduidelik dat toetsmonsters dadelik in 'n houër onder baie koue temperatuur geplaas moet word. “Anders beteken die monster niks nie.”

Coetzee benadruk dat die groot agterstand in toetse boonop daartoe kan lei dat 'n monster se uitslae verkeerd terugkom. “'n Monster is nie meer so akkuraat wanneer dit vir meer as vyf of ses dae in 'n laboratorium lê sonder om getoets te word nie.”

Sy waarsku indien 'n pasiënt positief en dae later negatief toets vir Covid-19, beteken dit nie noodwendig die eerste toets was foutief nie, aangesien die pasiënt bloot kon herstel het. “'n Pasiënt kon op dag 14 vir die eerste keer getoets word en daarna herstel en dus negatief toets.”

Akkuraatheid van statistiek



(Foto: Vincent Ghilione)

Berdine wil egter nou weet of haar aanvanklike positiewe toets by die betrokke dag se statistieke aangeteken is en of dié fout toe reggestel is of steeds op die statistieke reflekteer.

“Het hulle my nou as positief of negatief aangemeld? Of het hulle my by die herstelsyfer bygevoeg?” wil Berdine weet.

Philip van Staden, die VF Plus se woordvoerder oor gesondheid, sê aan Maroela Media dit is nie in dié stadium duidelik wat in só 'n geval met die statistiek gebeur nie, maar dat dit moontlik is dat die foutiewe positiewe geval nie verander word op die statistieke nie, aangesien die departement onder soveel druk verkeer.

Van Staden is egter nog meer bekommerd oor die toetsuitslae wat onbeslis terugkom.

Hy was daarop dat die land se staatslaboratoriums teen 10 Junie reeds 1 171 onbesliste toetsuitslae aangemeld het. 'n Toets kos die staat R507 stuk om in dié laboratoriums te toets. “Dit kom dus neer op 'n vermorsing van meer as R593 000 van die belastingbetaler se geld.

“Dit gaan veroorsaak dat al minder Suid-Afrikaners gaan toets. Indien die eerste toets, wat gratis is, onbeslis terugkom, gaan mense nie betaal om 'n tweede keer te toets nie.”



(Argieffoto: Engin Akyurt/Pixabay)

Barend Uys, hoof van navorsing en ontwikkeling by die burgerregteorganisasie AfriForum, is weer bekommerd oor die aantal toetse wat in Suid-Afrika gedoen word, aangesien dit óók 'n invloed het op die akkuraatheid van die statistieke.

Volgens Uys voer Suid-Afrika steeds nie genoeg toetse uit nie. Om sake te vererger glip daar boonop foute in by die bekendmaking van die regering se inligting aan die publiek. “Die departement se statistiek het net vandeeweek nie ooreengestem met inligting wat die Wes-Kaapse wetgewer bekend gemaak het nie.”

Hy wys ook daarop dat slegs 23% van staats hospitale inligting rakende Covid-19-hospitalisasies by die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes (Nios) indien. Dié verslag is dus ook nie 'n akkurate voorstelling van die statistieke nie.